



## Give a gift, give a book

**When you give a book as a gift, you invest in the future of a child! Good books can be enjoyed over and over again.**

But, when you are in the bookshop surrounded by hundreds of inviting books, how do you pick one that a child is likely to want to read again and again – especially if you do not know the child very well? Here are some suggestions. (They apply to choosing books for children from the library too!)

Look at the shelves and displays, and choose a book that catches your eye. If it is a picture book, read the whole story. If it is a longer book, then read the beginning, a page or two in the middle and the ending. Then think about these things:

- If it is a picture book, could you bear it if a child asked you to read it again and again?
- If there are illustrations, look at them closely. Do they have interesting details in them that would fascinate a child? Do they help to tell part of the story?
- Did you want to keep reading? If so, chances are the story will hold a child's attention too.
- Does the book use words in ways that help you to create pictures in your mind and make you want to read on?
- Did the story have a clever and/or satisfying ending?

And here are some great opportunities to give books as gifts.

- **At the birth of a baby** Together with five friends, give a book for each of the first five years of the child's life.
- **At different milestones in a child's life** Help a child prepare for or deal with new experiences, like starting a new school, by giving them a storybook or novel about this.
- **At birthdays** Books make great birthday presents for any child, but you can also help create or expand a school library by donating a book to your child's school on his or her birthday.
- **As encouragement** Give a book to show your child you have noticed how hard they have tried to do something at home, with friends or at school. Then comes the real reward – time spent reading the book with you!



Don't miss the special holiday edition of your Nalibali supplement next week! It's filled with fun things to read and do, and it's the last one for 2013!

Moenie volgende week die spesiale vakansie-uitgawe van jou Nalibali-bylae misloop nie! Dit is propvol prettige dinge om te lees en te doen, en dit is die laaste een vir 2013!

## Gee 'n geskenk, gee 'n boek

**Wanneer jy 'n boek as geskenk gee, belê jy in 'n kind se toekoms! Goeie boeke kan weer en weer en weer geniet word.**

Maar, wanneer jy in die boekwinkel staan en omring is deur honderde, aantreklike boeke, hoe kies jy een wat 'n kind waarskynlik weer en weer sal wil lees – veral as jy die kind nie baie goed ken nie? Hier volg 'n paar voorstelle. (Hulle geld ook wanneer jy vir kinders boeke in die biblioteek moet kies!)

Kyk na die rakke en uitstallings, en kies 'n boek wat jou oog vang. As dit 'n prentboek is, lees die hele storie. As dit 'n langer boek is, lees dan die begin, 'n bladsy of twee in die middel, en die einde. Dink dan oor die volgende dinge:

- As dit 'n prentboek is, sal jy dit kan verduur as 'n kind jou vra om dit weer en weer te lees?
- As daar illustrasies is, kyk goed daarna. Bevat hulle interessante besonderhede wat 'n kind sal fassineer? Help hulle om deel van die storie te vertel?
- Wou jy aanhou lees? Indien wel, is die kans goed dat die storie ook 'n kind se aandag sal hou.
- Gebruik die boek woorde op maniere wat jou help om prente in jou gedagtes te vorm en wat jou verder wil laat lees?
- Het die storie 'n slim en/of bevredigende einde?

En hier is 'n paar wonderlike geleenthede wanneer jy boeke as geskenke kan gee.

- **By die geboorte van 'n baba** Gee saam met vyf vriende 'n boek vir elk van die kind se eerste vyf lewensjare.
- **Tydens verskillende mylpale in 'n kind se lewe** Help 'n kind om vir nuwe ervarings voor te bereik of dit te hanteer, soos om na 'n nuwe skool te gaan, deur vir hulle 'n storieboek of roman hieroor te gee.
- **Op verjaardae** Boeke is wonderlike verjaardaggeskenke vir enige kind, maar jy kan ook help om 'n skoolbiblioteek op die been te bring, of uit te brei deur op jou kind se verjaardag 'n boek aan jou kind se skool te skenk.
- **As aanmoediging** Gee 'n boek om vir jou kind te wys jy sien raak hoe hard hy of sy probeer om iets by die huis, saam met vriende of by die skool te doen. Dan volg die eintlike beloning – wanneer julle tyd saam deurbring deur die boek te lees!



Drive your imagination

Read to me. Never too early.  
Never too late.  
Lees vir my. Dis nooit te vroeg of te laat nie.







# Celebrating picture books



Picture books are books in which the illustrations are just as important to telling the story as the words. They are mostly shorter books that can be read in one sitting.

November is International Picture Book Month. To celebrate it, we would like to introduce you to some of South Africa's talented picture book authors and illustrators. They have had books published in South Africa and overseas, and have had stories in the Nal'ibali supplement and/or on Nal'ibali Radio in 2013!

# Kom ons vier prenteboeke



Prenteboeke is boeke waarin die illustrasies net so 'n belangrike rol as die woorde speel om die storie te vertel. Hulle is gewoonlik korter boeke wat in een sessie gelees kan word.

November is Internasionale Prenteboekmaand. Om dit te vier wil ons jou graag bekendstel aan van Suid-Afrika se talentvolle prenteboekskrywers en -illustreerders. Hulle het al boeke in Suid-Afrika en oorsee gepubliseer en hulle stories het al in 2013 in die Nal'ibali-bylaes verskyn en/of is op Nal'ibali-radio uitgesaai!

## Niki Daly (author and illustrator)

**How long have you been writing and illustrating picture books?**

35 years

**How long does it take to come up with an idea for a story?**

Ideas for stories can come to me in an instant, or they can spend years just written down as an idea in my "Book of Ideas".

**What is the fun part of your work?**


Creating the characters! Many of my books spring from a particular character that I have drawn – a strong character can pull you straight into a story with them. Jamela (in the *Jamela* books) did that; so did Ruby (in *Ruby sings the blues*) and Mama Jumbo (in *Zanzibar Road*).

**Name some of the countries your books are available in.**

South Africa, the United Kingdom, the USA, Korea, Spain, Brazil, France, Japan, Ghana and Nigeria

**What do you want to tell children about picture books?**

Keep the picture books that you love the most. One day when you are an adult, you will open them up again, and how you felt as a child will come flooding back to you!



## Niki Daly (skrywer en illustreerder)

**Hoe lank skryf en illustreer jy al prenteboeke?**

35 jaar

**Hoe lank neem dit jou om met 'n idee vir 'n storie vorendag te kom?**

Idees vir stories kom binne oomblikke na my toe, of hulle kan jare lank bloot idees in my "Boek met Idees" bly.

**Watter deel van jou werk geniet jy die meeste?**

Om die karakters te skep! Baie van die boeke ontstaan uit 'n spesifieke karakter wat ek geteken het – 'n sterk karakter kan jou reguit in 'n storie intrek saam met hom of haar. Jamela (in die *Jamela*-boeke) het dit gedoen, en ook Ruby (in *Ruby sings the blues*) en Mama Jumbo (in *Zanzibarstraat*).

**Noem sommige van die lande waar jou boeke beskikbaar is.**

Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk, die VSA, Korea, Spanje, Brasilië, Frankryk, Japan, Ghana en Nigerië

**Wat wil jy vir kinders oor prenteboeke sê?**

Bêre die prenteboeke waarvan jy die meeste hou. Eendag, wanneer jy 'n grootmens is, sal jy weer deur hulle blaai, en dan sal jy weer voel soos jy gevoel het toe jy 'n kind was!

## Wendy Hartmann (author)

**How long have you been writing picture books?**

27 years

**More or less how long does it take you to complete a book?**

One to three years

**What is the fun part of your work?**

When the story pulls together and you feel the excitement. Then, when the illustrator starts to paint or draw and interpret your words – that's wonderful!

**What is the hard part?**

Cutting out words and sentences you thought were important. Also, finding out that some stories just don't work.

**Name some of the countries your books are available in.**

South Africa, the United Kingdom, the USA and France

**What do you want to tell children about picture books?**

No matter who you are or how old you are, you will discover a picture book that you will want to share.



## Wendy Hartmann (skrywer)

**Hoe lank skryf jy al prenteboeke?**

27 jaar

**Min of meer hoe lank neem dit jou om 'n boek klaar te skryf?**

Een tot drie jaar

**Watter deel van jou werk geniet jy die meeste?**

Wanneer die storie bymekaarkom en jy die opwinding voel. Dan, wanneer die illustreerder jou woorde begin verf of teken en vertolk – dis wonderlik!

**Wat is die moeilikste deel?**

Om woorde en sinne wat jy gedink het belangrik is, te sny. En om te besef dat sommige stories eenvoudig nie werk nie.

**Noem sommige van die lande waar jou boeke beskikbaar is.**

Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk, die VSA en Frankryk

**Wat wil jy vir kinders oor prenteboeke sê?**

Ongeag wie jy is en hoe oud jy is, jy sal 'n prenteboek vind wat jy graag wil deel.




## Create your own cut-out-and-keep book

1. Take out pages 3 to 6 of this supplement.
2. Fold it in half along the black dotted line.
3. Fold it in half again.
4. Cut along the red dotted lines.

## Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekie

1. Haal bladsye 3 tot 6 van hierdie bylae uit.
2. Vou dit op die swart stippellyn.
3. Vou dit weer in die helfte.
4. Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Tannie Aya skip seawater. Simon  
spring in die water in. Sandi val op sy  
maag in die water.

Aunty Aya collected sea water. Simon  
flung himself into the water. Sandi did a  
belly flop.



Fold

“Hurry up, Momi  
Hurry up, Aunty Aya!”  
called Lucy.  
“Maak gou, Mamma!  
Maak gou, tannie Aya!”  
roep Lucy.



The beach was wide.  
There were white  
horses on the sea.  
Die strand strek  
wyd voor hulle uit.  
Die see se branders  
skuum wit.



# Swimming in the sun Swem in die son



Jenny Hatton  
Joan Rankin




We publish what we like

This is an adapted version of *Swimming in the sun*, published by Jacana Media and available in bookstores and on-line from [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za). This story is also available in isiZulu, isiXhosa, Afrikaans, Sesotho and Setswana. Jacana publishes books for young readers in all eleven official South African languages. To find out more about Jacana titles go to [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za).

Hierdie is 'n aangepaste weergawe van *Swem in die son*, uitgegee deur Jacana Media en beskikbaar in boekwinkels en aanlyn by [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za). Hierdie storie is ook beskikbaar in isiZulu, isiXhosa, Engels, Sesotho en Setswana. Jacana publiseer boeke vir jong lesers in al elf amptelike Suid-Afrikaanse tale. Om meer uit te vind oor Jacana-titels, gaan na [www.jacana.co.za](http://www.jacana.co.za).

© Jacana Media (South African rights only) Tel: (011 628 3200)

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org) or [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org), of [www.nalibali.mobi](http://www.nalibali.mobi)



Drive your imagination

Fold



Sandi en Simon hardloop vooruit.

Sandi and Simon ran ahead.



The sand was soft and squishy between Lucy's toes.

Die sand voel warm en sag tussen Lucy se tone.



Toe swem en swem en swem Lucy en Simon en Sandi.

Then Lucy and Simon and Sandi swam and swam and swam.



Fold

Lucy and her family were on holiday at Mzamba beach. One morning Lucy said, "The day is going to be as hot as a tomato."

Lucy en haar gesin is met vakansie by Mzamba-strand. Een oggend sê Lucy: "Die son gaan ons vandag so rooi soos tamaties brand!"



... and Sandi was a freckled banana.

... en Sandi voel soos 'n gebraaide piesang.

Fold 4

Fold

Hulle sien die see ver onder die rotse lê. Hulle spring van die rotse af, tot op die strand. They saw the sea below the cliffs. They jumped off the rocks onto the beach.



The sun became a yellow ball. It was time to go home. Die son verander in 'n geel bal. Dit is tyd om huis toe te gaan.



But Sandi said, "It'll be as hot as a banana."

En Sandi sê: "Ons gaan soos gebraaide piesangs voel!"



Fold

Lucy was a tired tomato ...

Lucy lyk soos 'n rooi tamatie ...





Fold

Die kinders sleep hulle voete deur die golfies. Hulle trippel oor die warm sand.

The children dragged their feet through the waves. They hopped over the hot sand.



Lucy ran after her brother, Simon, and her cousin, Sandi. They dashed down the cliff path. Simon told them he saw a mamba, but he didn't!

Lucy hardloop agter haar boetie Simon en nefie Sandi aan. Hulle storm teen die rotspaadjie af. Simon sê hy het 'n mamba gesien, maar hy het nie!

Fold 6

They plodded up the cliff path.  
Hulle slof teen die rotspaadjie uit.



Lucy put on her costume. She rubbed sun cream on her face. She also spread it on her arms and legs.

Lucy trek haar baaikostuum aan. Sy vryf sonroom in haar gesig in. Sy smeer dit ook aan haar arms en bene.



**Jude Daly (illustrator and author)**

**How long have you been working in the world of picture books?**

I've been illustrating picture books for about 20 years and retelling stories for about 13 years. I started writing my own, new stories about 2 years ago.

**More or less how long does it take you to complete a book?**

Between two and four years

**What is the name of the first picture book you published?**

*The Dove* which was written by Dianne Stewart.

**Name some of the languages your books are available in.**

English, Afrikaans, isiZulu, isiXhosa, French, Danish, Spanish, Korean and Japanese

**What do you want to tell children about picture books?**

I hope you never feel too old to enjoy them.



**Jude Daly (illustreerder en skrywer)**

**Hoe lank werk jy al in die wêreld van prentboeke?**

Ek illustreer al 20 jaar lank prentboeke en ek vertel al 13 jaar lank ander se stories oor. Ek het ongeveer twee jaar gelede begin om my eie, nuwe stories te skryf.

**Min of meer hoe lank neem dit jou om 'n boek klaar te skryf?**

Tussen twee en vier jaar

**Wat is die titel van die eerste prentboek wat jy gepubliseer het?**

*The Dove*, geskryf deur Dianne Stewart.

**Noem sommige van die tale waarin jou boeke beskikbaar is.**

Engels, Afrikaans, isiZulu, isiXhosa, Frans, Deens, Spaans, Koreaans en Japannees

**Wat wil jy vir kinders oor prentboeke sê?**

Ek hoop jy voel nooit te oud om dit te geniet nie.

**Marjorie van Heerden (illustrator and author)**

**When did you start creating stories?**

I started drawing picture stories before I learnt to read and write, and have been doing it ever since. I had my first book published 30 years ago this year!

**Who are some of your favourite picture books authors/illustrators?**

Maurice Sendak, Jan Ormerod, Helen Oxenbury, Satoshi Kitamura, Tony Ross, Anthony Browne and Quentin Blake

**How much do you like picture books?**

A lot! For the last 30 years I've been collecting them and now I have over 30 000 illustrated children's books!

**Why are picture books important?**

Well-illustrated picture books provide the gateway to experiences and adventures that stimulate your mind and imagination.



**Marjorie van Heerden (illustreerder en skrywer)**

**Wanneer het jy begin stories maak?**

Ek het prentstories begin teken voor ek kon lees en skryf, en van toe af doen ek dit. My eerste boek is presies 30 jaar gelede gepubliseer!

**Wie is van jou gunsteling-prentboekskrywer/-illustreerders?**

Maurice Sendak, Jan Ormerod, Helen Oxenbury, Satoshi Kitamura, Tony Ross, Anthony Browne en Quentin Blake

**Hoe baie hou jy van prentboeke?**

Sommer baie! Vir die afgelope 30 jaar versamel ek hulle. Ek het nou meer as 30 000 geïllustreerde kinderboeke!

**Waarom is prentboeke belangrik?**

Prentboeke wat goed geïllustreer is, baan die weg vir ervarings en avonture wat jou denke en verbeelding sal stimuleer.



**Joan Rankin (illustrator and author)**

**How did you get into working on picture books?**

I studied art at university and then someone suggested I do book illustrations. I hadn't planned on doing it!

**What is the fun part of working on picture books?**

It all has to be fun, otherwise the book itself is boring.

**What is the hard part?**

Getting started – getting to know the main character and experiencing their reactions and emotions. It is exhausting.

**Why are picture books important?**

They are the best way to learn about life, language, and understanding and solving problems! A book can be a friend to hold, smell, feel and experience for life.



**Joan Rankin (illustreerder en skrywer)**

**Hoe het jy by prentboeke betrokke geraak?**

Ek het op universiteit kuns studeer, en toe het iemand voorgestel dat ek boekillustrasies doen. Ek het nie beplan om dit te doen nie!

**Watter deel van jou werk aan kinderboeke is pret?**

Dit moet alles pret wees, anders is die boek self vervelig.

**Wat is die moeilikste deel?**

Om te begin – om die hoofkarakters te leer ken en hulle reaksies en emosies te ervaar. Dit is uitputtend.

**Waarom is prentboeke belangrik?**

Hulle is die beste manier om oor die lewe en taal te leer en om probleme te verstaan en op te los! 'n Boek kan 'n vriend wees wat jy vir die res van jou lewe kan vashou, ruik, voel en ervaar.

**Nal'ibali on radio!**

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show:

X-K FM on Monday to Wednesday from 9.00 a.m. to 9.15 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



**Nal'ibali op die radio!**

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister:

X-K FM van Maandag tot Woensdag vanaf 9.00 vm. tot 9.15 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.



## Story corner

Here is the final part of the story about a silly young man for you to read aloud or tell.

### Silly Thukile (Part 2) Retold by Wendy Hartmann

On Friday, Thukile worked for a baker. At the end of the day the baker paid Thukile by giving him a dog. Thukile carefully carried the dog home in his hands. But before long, the dog began to scratch and nip Thukile so badly that he had to let it go.

His mother said, "Oh, Thukile, you should have tied a string to its collar and let it follow behind you."

"Okay," said Thukile, "I'll do that tomorrow."

The next day was Saturday and Thukile went to work for a butcher. He paid Thukile with a nice piece of meat. Thukile took the meat, tied a string around it and dragged it along behind him! By the time he got home, the meat was spoiled.

"What am I going to do with you?" his mother asked. "Tomorrow is Sunday and now we will have only cabbage to eat for dinner. You should have carried the meat on your shoulders."

"I'll do that next time," replied Thukile.

On Monday, Thukile worked for someone who gave him a donkey as payment. Thukile struggled and struggled, but at last he had the donkey up and on his shoulders. Then he began to walk home slowly.

Thukile passed a house where a very rich man lived. The rich man had only one daughter, but for years she had not said a word. She had also never laughed in her life. The doctors said that she would only be able to speak again if someone made her laugh. The rich man promised that anyone who made her laugh, could marry her.

The girl was looking out the window as Thukile passed with the donkey on his shoulders. The donkey's legs were sticking up in the air and it looked so funny that the girl burst out laughing. At once she was able to speak again.

The rich man was so happy, and he kept his promise – his daughter and Thukile could be married. Thukile became very rich. He lived in a big house with his wife and his mother who never had to work again. And Thukile never had to carry anything else himself again.



Illustration by Jiggs Snaddon-Wood  
Illustrasie deur Jiggs Snaddon-Wood

Tell us if you liked the story, *Silly Thukile* – SMS "Bookmark" with your name and your comments to 32545. R1,00 per SMS.

## Storiehoekie

Hier is die laaste deel van die storie oor 'n dwase jong man wat jy hardop kan lees of vertel.

### Dwase Thukile (Deel 2) Oorvertel deur Wendy Hartmann

Vrydag gaan werk Thukile vir 'n bakker. Aan die einde van die dag betaal die bakker vir Thukile deur vir hom 'n hond te gee. Thukile dra die hond versigtig in sy hande. Maar kort voor lank begin die hond vir Thukile so erg krap en byt dat hy dit moet loslaat.

Sy ma sê: "Ai, Thukile, jy moes 'n tou aan sy halsband vasgemaak het en die hond agter jou laat aanloop het."

"Reg so," sê Thukile, "ek sal dit môre doen."

Die volgende dag is Saterdag en Thukile gaan werk vir 'n slagter. Hy betaal Thukile met 'n lekker stuk vleis. Thukile neem die stuk vleis, bind 'n tou om dit, en sleep dit agter hom aan! Toe hy by die huis kom, is die vleis bederf.

"Wat gaan ek met jou doen?" vra sy ma. "Môre is Sondag en nou sal ons net kool hê vir aandete. Jy moes die vleis op jou skouers gedra het."

"Ek sal dit volgende keer doen," antwoord Thukile.

Maandag gaan werk Thukile vir iemand wat hom 'n donkie as betaling gee. Thukile sukkel en sukkel, maar uiteindelik het hy die donkie op sy skouers. Toe begin hy stadig huis toe stap.

Thukile stap verby die huis van 'n baie ryk man. Die ryk man het net een dogter, maar vir jare lank het sy nog geen woord gesê nie. Sy het ook nog nooit in haar lewe gelag nie. Die dokters sê sy sal net weer kan praat as iemand haar laat lag. Die ryk man het belowe dat enigiemand wat haar kan laat lag, met haar mag trou.

Die meisie kyk by die venster uit net toe Thukile met die donkie op sy skouers verbystap. Die donkie se bene steek in die lug op en dit lyk so snaaks dat die meisie uitbars van die lag. En dadelik kan sy weer praat.

Die ryk man is so bly, en hy hou sy belofte – Thukile en sy dogter mag trou. Thukile word baie ryk. Hy woon in 'n groot huis saam met sy vrou en sy ma, wat nooit weer nodig gehad het om te werk nie. En Thukile het nooit weer nodig gehad om self iets te dra nie.

### In your last Nal'ibali supplement for 2013:

- Ideas for holiday story fun
- Two stories to enjoy
- Puzzles and other fun Nal'ibali activities
- Story Stars: Nal'ibali staff making a difference
- Nal'ibali holiday poster

Bookmarks, posters, activity sheets... Download your free resources from the Nal'ibali "Resource Section" at [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)



Find us on Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)  
Vind ons op Facebook:  
[www.facebook.com/nalibaliSA](http://www.facebook.com/nalibaliSA)

### In jou laaste Nal'ibali-bylae vir 2013

- Idees vir storiepret in die vakansie
- Twee stories om te geniet
- Raaisels en ander prettige Nal'ibali-aktiwiteite
- Storiesterre: Nal'ibali-personeel maak 'n verskil
- Nal'ibali-vakansieplakkaat

Boekmerke, plakkate, aktiwiteitsblaai... Laai jou gratis hulpbronne af by Nal'ibali se "Resource Section" by [www.nalibali.org](http://www.nalibali.org)

